# Prosesvloei: Heraanstelling van 'n Registrateur

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

**RAAD**

Prosesbestuur: Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB) as die sekretariaat van die SAK

Die Rektor moet die posbekleër twaalf (12) maande voordat die huidige termyn verstryk, nader om te vra of hulle 'n verdere termyn wil dien.

Indien die huidige posbekleër wel 'n verdere termyn wil dien, moet hulle die onderstaande dokumentasie aan die Rektor voorlê:

1. 'n Verslag oor hulle werksprestasie tydens hul huidige termyn.
2. Terugvoer van direkte ondergeskiktes en sleutelbelanghebbers.
3. 'n Visiestelling vir 'n moontlike verdere termyn.
4. 'n Opgedateerde curriculum vitae met volle besonderhede.

Die Rektor lê die dokumentasie via die Menslikehulpbronne- en Vergoedingskomitee van die Raad aan die Raad voor.

Die Raad neem die finale besluit oor die heraanstelling van die Registrateur by wyse van 'n absolute meerderheidstem (50% + 1) van Raadslede wat teenwoordig en stemgeregtig is.

Indien die kandidaat 'n meerderheid verwerf onder die Raadslede wat teenwoordig en stemgeregtig is, word die posbekleër aangestel vir 'n verdere termyn soos deur die Raad bepaal.